

Bang of Bold? | 6 November 2022 | Ds. Willem Badenhorst

willem.badenhorst@moreleta.co.za

Inleiding

Die gemeente in Efese was bang omdat Paulus in die tronk gesit het en hulle die evangelie verder na die nasies toe moes neem. Hy bemoedig hulle dat God se genade vir elkeen beskikbaar is en dat hulle nuwe mense is. Hulle het die ou mens agtergelaat en moet nou nuut lewe.

Hulle het nie nodig om te vrees nie en moet met geestelike krag vorentoe beur in hul geestelike lewe. Hy bid baie ernstig dat hul geestelik sterk moet word, dat hul God se liefde moet ken en in die volheid van God moet leef. Hulle moet in groter geloof optree en gehoorsaam leef. Dit geld ook vir elkeen van ons.

Wenke vir leier

- Het jy met iemand koffie gedrink die afgelope 2 weke?
- Help lede om met mense te “connect”.
- Lede moet begryp dat as hul in Christus is, dat hul nuwe lewens het en daarvolgens moet leef.
- Moedig elke lid aan om voluit vir God te leef.

Lees saam

Ef. 3:14–21

- Een persoon lees die gedeelte.
- 'n Tweede persoon vertel die verhaal so volledig moontlik. Dit is nie 'n intelligensie toets nie. Die doel hiervan is om net 'n geheelbeeld van die gedeelte te kry. Moenie die gedeelte opsom of jou opinie gee van wat hier staan nie. Vertel so feitlik moontlik wat hier staan.
- 'n Derde persoon lees die gedeelte 'n tweede keer.
-

Gesels saam

Skrifgedeelte word bespreek deur die volgende 2 vrae te vra:

1. Wat leer ons oor God (Vader, Seun, Heilige Gees) uit hierdie gedeelte?
2. Wat leer ons oor onself of mense in die algemeen in hierdie gedeelte?

Doen saam

- Waaroor het die Here met my gepraat in hierdie Skrifgedeelte waaraan ekself prakties in moet aandag gee? INWAARTS
- Hoe gaan ek hierdie week vir mense rondom my tot seën wees? Wat het ek uit hierdie Skrifgedeelte ontdek wat ek prakties moet gaan doen? (UITWAARTS)

Moedig mekaar aan om 13 November na die kringe-fees te kom.

Leer meer / kyk weer



[Klik hier vir verdere studie materiaal](#)



[Klik hier om weer te kyk.](#)

Navrae

kringe@moreleta.co.za
012 997 8100
Algemene info
info@moreleta.co.za
012 997 8000

Bid saam

Gebedsversoeke - 076 351 8383
gebed@moreleta.co.za

Hulp?

Berading - Moreleta Wholeness Sentrum
wholeness@moreleta.co.za
012 997 8035